# HOËRSKOOL GRENS

# JAARVERSLAG

## 2022

# <u>JAARVERSLAG 2022: BEHEERLIGGAAM HOËRSKOOL GRENS</u>

**Jaarlikseverslag van die voorsitter van die Beheerliggaam aan die ouers, leerders, opvoeders en ander personeel van die Hoërskool Grens ten opsigte van die aktiwiteite van die Beheerliggaam ingevolge artikel 18(2)(e) van die Suid- Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996.**

Elke openbareskool is 'n aparte entiteit met regsbevoegdheid. Ingevolge artikel 16(1) van die Skolewet word elke openbare skool deur 'n Beheerliggaam bestuur en beheer wie se funksies en magte deur die Skolewet bepaal word.

Die Skolewet vereis onderandere dat die Beheerliggaam op 'n jaarlikse grondslag aan die Departement van Basiese Onderwys en ouers verslag moet doen. Dit is my voorreg om namens die Beheerliggaam hierdie verslag voor te lê.

2022 sal seker as die jaar waarin almal die stof van die *Covid-19*-pandemie begin afskud en 'normaal' probeer funksioneer, bekend staan. Die Hoërskool Grens het sterker en beter as wat enigsins verwag kon word, gevaar. Die sport- en kultuur deure het weer oopgeswaai en die Hoërskool Grens het weer op alle gebiede stem dik gemaak.

Die Beheerliggaam kon ook weer beter begin beplan. Die visie van 'n Afrikaanse kampus het momentum begin kry. Gesprekke is met die Laerskool Nahoon en die Laerskool Grens gevoer en ons visie is met hulle gedeel. Dit is met baie optimisme ontvang en die vooruitsig van 'n Afrikaanse kampus, waar leerders van voorskool tot in matriek in Afrikaans onderrig kan ontvang, het almal opgewonde gemaak. Daar word ook met Afrikaanse tersiêre instansies oor die moontlikheid van na-matriek studies en -opleiding gesels.

Met die Laerskool Grens wat feitlik op ons voorstoep geleë is, kan daar nou sport- en kultuurfasiliteite gedeel word. Dit skep 'n geleentheid vir beide die skole om hulpbronne saam aan te wend om sodoende groter en meer koste-effektiewe projekte te hanteer. 'n Span professionele deskundiges is aangestel om holisties na die skool se uitleg, terrein en sportfasiliteite te kyk en 'n 'meestersplan' op te stel wat in fases gedoen kan word. Beide met kort en langtermynkapitaleprojekte ingedagte. Die voorlopige voorleggings is indrukwekkend en gaan 'n groot verskil aan die vloei en funksionering van die infrastruktuur maak. Dringende volledige vervanging van die tennis-en-netbalbane word ook as 'n prioriteitgesien en die tenderproses behoortbinnekort te begin. Dit is voorwaar opwindende tye.

Ons skool is bevoorreg om toegewyde personeel te hê wat altyd bereid is om die ekstra myl vir ons leerders te stap en nie te skroom om hulle eie vryetyd en familietydaf te staan nie.

Danksy elkeouer wat finansieel tot die skool se finansies bydra en die uitstekende beplanning van ons finanskomitee het die skool se begroting geklop. Ons wil graag

elke ouer en instansie wat finansieel by die skool betrokke is, bedank. Sonder julle sal ons nie kwaliteitonderrig, sport en kultuur kan aanbied nie.

Instandhoudingswerk het deurentyd by die skool en die koshuis plaasgevind en daar word 'n grootskaalse opgradering by die koshuis beplan wat moontlik ook in die toekoms laerskoolleerders sal kan akkommodeer.

Daar het ook 'n gulde geleentheid opgeduik waarmee ons die uitstekende Marimba-orkes se instrumente kon aanvul om vir meer leerders die geleentheid te gee om deel te neem.

Van my kant af wil ek graag die volgende persone bedank:

1. Elke onderwyser en personeellid van die Hoërskool Grens vir hul toewyding, entoesiasme en passie vir die leerders en skool.

2. Leerders van die Hoërskool Grens vir hul harde werk, talente en toewyding wat bydra dat daar nie net in Oos-Londen nie, maar landswyd met respek na die skool verwys word. Ons leerders is ook in groot aanvraag in die arbeidsmark.

3. Elke ouer wat by die skool, koshuis of Ondersteunersklub betrokke is.

4. Lede van die Beheerliggaam wat met onvermoeide ywer ure in belang van die skools pandeer. Sonder hierdie insette en opoffering kan die skool nie effektief funksioneer nie.

5. Mev. Knickelbein en haarbestuurspan vir die opoffering en harde werk gedurende 2022.

6. Ons Hemelse Vader wat ons skool weereens op soveel terreine in swaarkry en geluk gedra en geseën het.

Ons wens ons matrieks alle voorspoed toe met die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen. Ons vertrou dat julle die tyd tot julle beskikking sal benut en julle aller beste sal gee. Ons bid dat ons Hemelse Vader met elkeen van julle sal wees. Ons glo en vertrou dat hierdie jaar 'n 100%-slaagsyfer sal oplewer. Julle toekoms word met groot belangstelling gevolg.

**GERHARD SPIES**
**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**

# INHOUDSOPGAWE


**1 RONDOM DIE KANTOOR ..... 1**
1.1 **Personeel** ..... 1
1.1.1 Leerkragte ..... 1
1.1.2 Sekretaresses en administratiewe personeel ..... 3
1.1.3 Algemene assistente ..... 4
1.1.4 Terreinbestuurder en -personeel ..... 4
1.2 Leerders ..... 4
1.3 Ouers/Voogde ..... 4
1.4 Beheerliggaam ..... 5
1.5 Leerlingraad 2022 ..... 5
1.5.1 Dagbestuur ..... 5
1.5.2 Gr.12: Dogters en seuns ..... 5
1.5.3 Leerlingraadprojekte/-betrokkenheid ..... 6
1.6 Klaskomitees ..... 6
1.7 Ondersteunersklub ..... 8
1.8 Samewerking met ander skole ..... 8
1.9 Webwerf ..... 9
1.10 Instandhouding van die skool ..... 9
1.10.1 Geboue en Terrein ..... 9
1.11 Koshuis ..... 9
**2 ALGEMENE AKTIWITEITE ..... 10**
2.1 Bloedskenk ..... 10
2.2 Civviedae ..... 10
2.3 Klerebank ..... 10
2.4 Kospakkieprojek en ander ..... 11
2.5 Matriekafskeid ..... 11
2.6 Mnr. en Mej. Grens ..... 11
2.7 Geesweek ..... 12
2.8 Presteerdersdinee ..... 13
2.9 Pretloop en boeresport ..... 13
**3 AKADEMIESE AKTIWITEITE ..... 13**
3.1 Akademiese Prestasies 2021 ..... 13
3.2 Akademiese eretoekennings ..... 14

3.3 Olimpiades ..... 14
3.3.1 Afrikaans Olimpiade ..... 14
3.3.2 Wiskunde Olimpiade ..... 15
3.4 Toerisme ..... 15
3.5 Rekenaars ..... 15
3.6 Wiskunde-Kunskompetisie ..... 15
3.7 Wiskunde: Gevorderde Wiskunde-program ..... 16
**4 NASIONALE EN PROVINSIALE VERTEENWOORDIGERS ..... 16**
4.1 Nasionale verteenwoordigers en prestasies ..... 16
4.2 Provinsiale verteenwoordigers en prestasies ..... 16
4.3 Provinsiale verteenwoordigers: Buiteskool sport ..... 16
**5 KULTUURAKTIWITEITE ..... 17**
5.1 ATKV Redenaars en Radikale Redenaars ..... 17
5.2 Die Lourier ..... 17
5.3 *ELFEST* Eisteddfod ..... 17
5.4 Interact ..... 19
5.5 Musiek ..... 19
5.5.1 Port Rex Lions Eisteddfod ..... 19
5.5.2 PAT-konsert ..... 20
5.5.3 Marimba-orkes ..... 20
5.6 Kultuuraand ..... 20
5.7 Gr.10-dans ..... 20
5.8 Noodhulp ..... 20
5.9 Skaak ..... 21
5.10 VCSV ..... 21
5.11 Voortrekkers ..... 21
5.12 Rasieleier-dansgroep ..... 22
5.13 Tsitsikamma-staptoer ..... 22
**6 SPORTAKTIWITEITE ..... 22**
6.1 Atletiek ..... 22
6.2 Hokkie ..... 23
6.3 Krieket ..... 24
6.4 Meisiekrieket ..... 24
6.5 Muurbal ..... 25
6.6 Netbal ..... 25

6.7 Rugby ........................................................................................ 26
6.8 Sewesrugby-Toernooi ........................................................................ 27
6.9 Swem ........................................................................................ 27
6.10 Tennis ........................................................................................ 28
6.11 Fietsry ........................................................................................ 28
**7 BUITESKOOLSE AKTIWITEITE ........................................................ 29**
7.1 Diepseehengel ................................................................................ 29
7.2 Fietsry ........................................................................................ 30
7.3 Karate ........................................................................................ 30
7.4 Pluimbal ........................................................................................ 30
7.5 Tennis ........................................................................................ 30
7.6 Visvang ........................................................................................ 30
**8 SLOT ........................................................................................ 31**
**9 FIGURE ........................................................................................ 32**
9.1 Fig. 1 Bedryfskoste: skool ........................................................... 32
9.2 Fig. 2 Bedryfskoste: koshuis ........................................................ 33

Die skooljaar nader vinnig sy einde en ek wil graag enkele van die hoogtepunte met u deel. Dit sluit die aktiwiteite van die leerders, die bydrae van die leerkragte, ouers en ander lede van die gemeenskap in.

# 1 RONDOM DIE KANTOOR

## 1.1 Personeel

### 1.1.1 Leerkragte

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om elke leerkrag vir hul onmisbare insette en harde werk van die afgelope jaar te bedank. Sonder hierdie belangrike bydrae sou die skool glad nie so doeltreffend gefunksioneer het nie.

ŉ Spesiale woord van dank aan elke lid van die leierspan nl. mevv. M. Scheün, R. Cerff en S. Koorsen en me. C. Gillespie asook mnr. L. Koorsen. Hierdie bekwame en ondersteunende span het hul onderskeie take met nougesetheid, ywer en entoesiasme voltooi.

Baie geluk aan mnr. L. Koorsen wat op 24 November 2021 as die adjunkhoof aangestel is.

Mev. Knickelbein is die provinsiale moderator van graad 12 in die September- en graad 11 in die Novembereksamen in die vak Engels Huistaal Vraestel 1 in die Oos-Kaap. Mej. Gillespie is die provinsiale moderator van die Junie- en Novembereksamenvraestelle van graad 8 en 9 Afrikaans Huistaal Vraestel 2. Mnr. Koorsen is die provinsiale eksaminator van graad 12 in die September- en graad 11 in die Novembereksamen in die vak Ingenieursgrafika en -ontwerp Vraestel 2.

Aan die volgende graadhoofde wil ek baie dankie sê vir die groot administratiewe taak wat hulle verrig het:

| | |
|---|---|
| Mnr. A. Engelbrecht | Graad 12 |
| Mnr. J. Coetzer | Graad 11 |
| Mev. S. Vosloo | Graad 10 |
| Mev. S. Hollander | Graad 9 |
| Mev. S. Koorsen | Graad 8 |

Ek bedank ook graag die vakhoofde vir hul toegewyde leiding en beheer oor hul onderskeie vakke. Hierdie kollegas speel ŉ belangrike rol in die goeie uitslae in die onderskeie vakgebiede by die skool.

**Vakonderwysers:**

| | | |
|---|---|---|
| Mej. C. Gillespie (dept. hoof) | Kamer 3 | Afrikaans |
| Mev. Y. Jonker | Kamer 4 | Ekonomiese Bestuurswetenskappe en Rekeningkunde |
| Mev. G. Musgrave | Kamer 5 | Engels |
| Mev. R. Tankard | Kamer 7 | Engels |
| Mev. L. Knickelbein (skoolhoof) | Kamer 8 | Engels |
| Mev. H. Ferreira-Tsude | Kamer 9 | Engels |
| Mnr. G. Kapp | Kamer 10 | Lewensoriëntering en Robotika |
| Ds. L. van der Walt | Kamer 11 | Bybelonderrig, Lewensoriëntering, IT, *Oracle Academy* en Robotika |
| Mnr. A. Engelbrecht | Kamer 12 | Tegnologie, Lewensoriëntering en Robotika |
| Mev. S. Vosloo | Kamer 13 | *Computer Applications Technology* en Afrikaans |
| Mev. C. van der Walt | Kamer 15 | *Computer Applications Technology* en Lewensoriëntering |
| Mev. M. Scheün (dept. hoof) | Kamer 16 | Wiskunde |
| Mev. S. Koorsen | Kamer 17 | Wiskunde |
| Mev. M. Esterhuizen | Kamer 18 | Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid, IGO |
| Mej. A. Myburgh | Kamer 19 | Ekonomiese Bestuurswetenskappe en Wiskundige Geletterdheid |
| Mev. T. Botha | Kamer 21 | Afrikaans |
| Mev. A. Brettell | Kamer 22 | Afrikaans en Toerisme |
| Mev. S. Hollander | Kamer 23 | Afrikaans |
| Mev. C. Armstrong | Kamer 24 | Menslike Sosiale Wetenskappe en Geografie |
| Mnr. J. Tait | Kamer 25 | Besigheidstudies en Ekonomiese Bestuurswetenskappe |

| | | |
|---|---|---|
| Mej. C. van den Berg | Kamer 27 | Dramatiese Kunste en Skeppende Kunste |
| Mev. R. Cerff | Kamer 28 | Skeppende Kunste en Musiek |
| Mev. S. Kriel | Kamer 29 | Lewens- en Natuurwetenskappe |
| Mnr. A. Black | Kamer 30 | Natuurwetenskappe, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Lewensoriëntering |
| Mev. L. Pieters | Kamer 31 | Verbruikerstudies |
| Mev. D. Simms | Kamer 32 | Sosiale Wetenskappe, Toerisme en Geografie |
| Mej. L. van Rooyen | Kamer 33 | Natuurwetenskappe |
| Mev. J. Lord | Kamer 34 | Lewens- en Natuurwetenskappe, Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid |
| Mnr. J. Coetzer | Kamer 36 | Lewens- en Natuurwetenskappe en Fisiese Wetenskappe |
| Mnr. L. Koorsen (adjunkhoof) | Kamer 39 | IGO en Robotika |

Mnr. W.K. Delport het vanaf 14 Februarie tot 25 Maart 2022 tydelik in Besigheidstudies afgelos.

Mnr. J. Tait, wat Besigheidstudies onderrig, is op 1 April 2022 aangestel.

Mnr. B. Knickelbein het die skool op 31 Desember 2021 verlaat. Mej. C. Karelse is vanaf Februarie 2022 as gimnasiumbestuurder en sportkondisioneerder in sy plek aangestel.

Mev. E. Nieuwenhuizen het die skool aan die einde van Februarie 2022 verlaat.

Mev. A. Myburgh was vanaf 9 Mei tot 9 September 2022 tydelik in die plek van mev. S. Vosloo, wat met kraamverlof was, aangestel.

Baie geluk aan mev. S. Vosloo wat ’n seuntjie ryker is.

Ons dink met innige simpatie aan mej. A. Myburgh met die heengaan van haar vader.

Mnr. J. Coetzer het vanjaar aan die *Washie* Marathon deelgeneem en dit suksesvol voltooi. Mnrr. L. Koorsen en J. Coetzer het ook die Comrades-marathon suksesvol voltooi.

### 1.1.2 Sekretaresses en administratiewe personeel

Aan mevv. A. Bezuidenhout, F. van der Linde, D. Cloete en B. Joubert wil ek graag ŉ besondere woord van dank rig vir die spesiale rol wat hulle in die effektiewe verloop van die skool gespeel het. Hierdie vriendelike dames is die hartklop van die skool en het direkte skakeling met die personeel, leerders, ouers en ook die publiek.

### 1.1.3 Algemene assistente

Hierdie moeilike taak word deur mev. P. de Jager en mev. C. Barnard verrig. Hulle vriendelikheid, bereidwilligheid en hardwerkendheid word te alle tye waardeer. Hulle is altyd bereid om daardie tikkie ekstra werk te doen. Baie dankie vir julle volgehoue ondersteuning en hulp.

### 1.1.4 Terreinbestuurder en -personeel

Ek wil vir mnr. H. Jansen asook die span werkers bedank vir die effektiewe instandhouding van die geboue en die terrein in sy geheel. Die netjiese skool- en sportterrein getuig van die harde werk en toewyding van ons terreinpersoneel.

### 1.2 Leerders

My gelukwense aan ons seuns en dogters met hul puik maniere, goeie gedrag en positiewe gesindheid. Hierdie gedrag lok gereeld positiewe kommentaar vanuit die gemeenskap en dra ŉ goeie beeld van die skool na buite. Ons sal egter graag wil sien dat daar meer van ons leerders by die buitemuurse aktiwiteite betrokke raak. Ons glo dat ŉ gesonde liggaam ŉ gesonde gees huisves.

### 1.3 Ouers/Voogde

Vergun my die geleentheid om elke ouer/voog hartlik vir hul insette en bydrae tot die funksionering van die skool te bedank. Dit word raakgesien en opreg waardeer. Ons is dankbaar teenoor elke ouer/voog wat die Hoërskool Grens se belange deurentyd op die hart dra.

ŉ Spesiale woord van dank aan al daardie ouers/voogde wat nooit gehuiwer het om vir ons skool in die bresse te tree of om die positiewe hoedanighede van ons skool te propageer nie. Ons ervaring is dat tersiêre inrigtings en werkgewers deeglike kennis neem van hierdie beeld wat uitgedra word en dit op sy beurt maak sodanige instellings meer ontvanklik vir ons leerders wat die skool verlaat.

Ouers/Voogde se ondersteuning ten opsigte van hul kinders se akademie, sport- en kultuuraktiwiteite is nie net vir die kind belangrik nie, maar ook vir die skool. Ek wil u uitnooi en aanmoedig om in die komende jaar selfs nog meer by die skoolaktiwiteite betrokke te raak.

## 1.4 Beheerliggaam

Baie dankie aan die lede van die Beheerliggaam vir hulle opoffering, toewyding en onbaatsugtige diens aan die skool.

| | | |
|---|---|---|
| Ouers: | Mnr. G. Spies | Voorsitter |
| | Mnr. J. Labuschagne | Ondervoorsitter/Tesourier |
| | Mnr. M. van Niekerk | |
| | Dr. S. Liebenberg | |
| | Prof. P. Sumner | |
| | Mnr. L. Fourie | |
| | Mnr. A. Matthee | |
| | Mnr. R. Boshoff | |
| Personeel: | Mev. L. Knickelbein | |
| | Mnr. L. Koorsen | |
| | Mnr. J. Coetzer | |
| Administratiewe personeel: | Mev. D. Cloete | |
| Leerders: | John-Martin Clark | |
| | Mbalentle Xongo | |

‘n Spesiale woord van dank aan mnr. G. Spies, in sy hoedanigheid as die 11de voorsitter vir die afgelope twee jaar, wat na vyf jaar dienstermyn as Beheerliggaamlid uittree.

## 1.5 Leerlingraad 2022

### 1.5.1 Dagbestuur

| | |
|---|---|
| John-Martin Clark | Hoofseun |
| Hannah Watson | Hoofdogter |
| Wian Jonker | Onderhoofseun |
| Rachael Crafford | Onderhoofdogter |
| Amori Matthee | Dagbestuur |
| Anke du Toit | Dagbestuur |
| Sonja Adlam | Dagbestuur |

### 1.5.2 Graad 12: Dogters en seuns

| **Dogters** | **Seuns** |
|---|---|
| Sanda Abraham | Jason Botha |
| Rayjene Bosman | Hano Labuschagne |
| Llaché Bussack | Ruan Rochér |
| Mia Conradie | Schalk Smit |
| Erika Ferreira | Lourens Spies |
| Mariesa Kotze | Zandré Stols |
| Anja Pretorius | Justin Swart |
| Mbalentle Xongo | Zak Viljoen |

### 1.5.3 Leerlingraadprojekte/-betrokkenheid

Gr. 8-Verwelkomingsprogram

Gr. 8-Pretdag

Gr.8-Welpiekonsert

Geesvang-week

Presteerdersdinee

## 1.6 Klaskomitees

Die rol wat die klaskomitee speel, het gedurende die jare toegeneem. Volgens departementele regulasies kies die leerders van die skool jaarliks twee verteenwoordigers wat op die beheerliggaam van die skool dien. Hierdie verteenwoordigers word uit die tradisionele klaskomitees verkies.

Elke klas kies drie verteenwoordigers waarna die klaskomitee en elke graad ook ŉ graadverteenwoordiger kies. Die klaskomitees vergader gereeld met die graadhoofde sodat daar na die welstand van die leerders omgesien kan word.

Die volgende leerders is tot die klaskomitees vir 2022 verkies:

| | |
|---|---|
| **Graad 8G** | Leon Müller<br>Danelle Loubser |
| **Graad 8R** | Wian Kruger<br>Anja Potgieter<br>Wilandri Luüs |
| **Graad 8E** | Tiaan Venter<br>Monique Gower |
| **Graad 8N** | Christiaan Nel<br>Michael Everts<br>Ané de Kock |
| **Graad 9G** | Lisa Koorsen<br>Estèe Herbst<br>Adrio Fourie |
| **Graad 9R** | Rossouw Nel<br>Juan Nel<br>Cari Stötter |
| **Graad 9E** | Emma-Kayla Scheepers<br>Sonja Scholtz<br>Hugo le Roux |

| | |
|---|---|
| **Graad 9N** | Loghan Vermaak<br>Hlumelo Sitengile<br>Zander van Loggerenberg |
| **Graad 10G** | Ruben Meyburgh<br>Angelique Roodt<br>Paul Goosen |
| **Graad 10R** | Ruan Myburgh<br>Brendan Bird<br>Shanice Bussack |
| **Graad 10E** | Ashley Klinkradt<br>Chloë Greenan |
| **Graad 10N** | Zaandré van den Berg<br>Jordan Simpson<br>Marcelle Schwagele |
| **Graad 11G** | Gerhard Clark<br>Willem Kloppers<br>Zoë Griessel |
| **Graad 11R** | De Wet Nel<br>Babette Liebenberg<br>Christi Marais |
| **Graad 11E** | Kelly-Lee Lombard<br>Dean-Reese Jordaan<br>Danté Kruger |
| **Graad 11N** | Liyabona Renene<br>Ryno Puchert<br>Joshlyn-Lee Levey |
| **Graad 12G** | John-Martin Clark<br>Ruan Rocher<br>Mbalentle Xongo |
| **Graad 12R** | Mia Conradie<br>Erika Ferreira<br>Schalk Smit |
| **Graad 12E** | Faith Monyane<br>Linda Jansen van Rensburg<br>Tarquin Jansen |
| **Graad 12N** | Caydee Harding<br>Lorraine Volschenk<br>Lathitha Fiti |

Die klaskomitees vervul ʼn belangrike taak wat beide die leerders en die leerkragte betref en hulle moet gelukgewens word met die manier waarop hulle hierdie moeilike taak verrig het.

### 1.7 Ondersteunersklub

Die GOK se hoofdoel is om finansiële ondersteuning aan die Hoërskool Grens t.o.v. sport-kodes en kultuur aktiwiteite te bied asook om ten alle tye in die beste belang van die skool en sy leerders, ouers en leerkragte op te tree.

Die GOK het die afgelope jaar onverpoos gewerk om verlore tyd en die verlies aan inkomste tydens die *Covid-19*-tydperk te verhaal.

Die jaarlikse gholfdag was weer eens ‘n sukses en het baie tot die fondse van die GOK bygedra.

Die GOK was bevoorreg om weer eens deel van die jaarlikse Landbouskou te wees en het uit ouder gewoonte die vermaaklikheidstent behartig. Die vier dae was uiters winsgewend terwyl die Hoërskool Grens goeie publisiteit ontvang het.

‘n Verdere hoogtepunt was die verskeie reünies wat die GOK aangebied het. Oudleerders geniet die gebruik van Die Dek en deel graag stories oor hul skooldae by die Hoërskool Grens. Die fondse wat hieruit asook uit ander kleiner funksies gegenereer is, word hoofsaaklik aan die skool geskenk.

Die GOK het ook aan die rugby-, netbal- en hokkiespelers asook provinsiale deelnemers wat nie hul eie toerkoste kon betaal nie, met fondse ondersteun om sodoende die las van die ouers te verlig. Daar is ook ‘n finansiële bydrae met die aankoop van items vir die rasieleier-dansgroep gemaak.

Die laaste fondsinsamelingsprojek is die Gholfdag wat op 2 Desember 2022 plaasvind.

### 1.8 Samewerking met ander skole

Vanjaar was daar weer eens goeie samewerking tussen die Hoërskool Grens, die plaaslike skole en ander skole buite die grense van Oos-Londen. Die Hoofde Forum in Oos-Londen is weer op die been gebring en waardevolle inligting en advies oor hoe skole situasies en dissipline benader, is gedeel.

ʼn Opregte dankie aan die skoolhoofde en leerkragte van ons voederskole wat hierdie samewerking daadwerklik gesteun het. Die Laerskool Grens het by hul nuwe perseel ingetrek en het tot Julie die hoërskool se ingang gebruik. Die Grens-kampus is nou uiteindelik ‘n werklikheid.

Ons sien uit na die toekoms van ‘n groot Afrikaansgemeenskap op die bult.

## 1.9 Webwerf

Die webblad van die skool se voorkoms en inligting word gereeld opgedateer met nuttige gegewens soos die kwartaalprogram, sport- en kultuurrooster, toetsreeks- en eksamenroosters asook die jaarprogram.

Daaglikse aktiwiteite word op die skool se *Facebook*-blad, Grens Ondersteunersklub en die *D6 Communicator* gepubliseer wat ook hiperskakels vanaf die skool se webblad bied. Ons webblad se hiperskakel is www.hsgrens.com

## 1.10 Instandhouding van die skool

### 1.10.1 Geboue en Terrein

Daar word hierdie jaar weer eens gepoog om die skoolterrein te verfraai en te verbeter sodat dit tot die goeie beeld van die skool kan bydra.

Die rugbyvelde en krieketkolfblad sal ‘n nuwe bolaag kry en met die nodige onkruiddoder behandel word.

Ons beoog om die skool se ingangshek op te gradeer sodat die vloei van verkeer makliker sal geskied.

Die swembad sal ‘n nuwe pomp en pyp bygeleidings kry.

Die parkeerarea wat deur die Laerskool Grens-projek gebou en geïnstalleer is, gaan ‘n integrale deel van die verkeervloei van die Hoërskool Grens word.

Daar word gereeld herstelwerk aan die teerpad by die skool en koshuis gedoen.

## 1.11 Koshuis

Huis Marais en Huis Kretsenger is onder leiding van mnr. A. Engelbrecht, die koshuishoof, met die hulp van mev. S. Hollander.

Die koshuisleerdergetalle is nog nie na wense nie en die droom om weer voltallig te wees, word steeds nagestreef. Die koshuise het weer eens huisvesting aan verskeie sportgroepe en skole gebied. In Desember sal die Departement van Basiese Onderwys ook van die verblyf gebruik maak aangesien die skool as ŉ merksentrum gekeur is. By al die geleenthede is daar met groot lof oor ons goeie fasiliteite en die goeie gehalte kos gepraat. Ons bedank vir ons matrone, mev. J. Jansen van Rensburg, en haar helpers.

Die koshuis se hoofleier, Llaché Bussack, het haar goed van haar taak gekwyt om orde onder die koshuisleerders te handhaaf. Huis Marais se prefekte nl. Adolf Rademeyer, Zandré Stolts, Xander Greeff en Darren Koesnell en Huis Kretsenger se prefekte nl. Rayjene Bosman, Desré Dunmore, Joselyn-Lee Levey en Afika Tona het ook mooi tot die gladde verloop van die koshuis se funksionering bygedra. Ons wil ook graag ons dank

teenoor elke toesighoudende personeellid, wat baie tyd en moeite ter wille van ons inwoners opgeoffer het, uitspreek.

Kom ons bemark die koshuis daar buite, want met opgegradeerde motorhuise asook die installering van dubbel opwasbakke aan die seuns en dogters se badkamers op die boonste vloer, tyd saam met vriende, heerlike kos en ook tyd vir huiswerk, kan ek getuig dat daar mooi na die koshuisleerders omgesien word.

Ons wens ons koshuisgangers, veral die matrieks, net alle sukses vir hulle komende eindeksamen toe.

# 2 ALGEMENE AKTIWITEITE

## 2.1 Bloedskenk

Die Grens Bloeddiens het vanjaar volstoom bygedra om lewens te red. Leerders vanaf 16 jaar en ouer is aangemoedig om tydens skoolure bloed te skenk.

Die volgende leerders nl. Sonika Hattingh, Kayla Parkin, Christiaan Herbst en Tarien Oosthuysen is as bloedskenkpromotors aangewys. Hierdie leerders is verantwoordelik vir die organisasie van die bloedskenkdae en moet die mediese personeel behulpsaam wees.

Baie dankie aan elkeen wat bygedra het om die bloedtekort in die Oos-Kaap te verlig.

## 2.2 Civviedae

Teen 'n bedrag van R5,00 het die leerders aan die einde van 'n kwartaal die geleentheid om informele klere te dra. Fondse wat op hierdie manier ingesamel word, word normaalweg vir kultuurverenigings en sporttoere aangewend.

Die fondse van die civviedag wat gehou is om Valentynsdag te vier, is vir liefdadigheid aangewend. 'n Bedrag van R4 880,00 is ingesamel en aan die *Children's Cancer Foundation* geskenk.

Al die leerders asook die personeel kry die geleentheid om aan die Loslitdag deel te neem. Vanjaar is R6 144,00 ingesamel. Die inkomste is verdeel en soos volg geskenk: *Casual Day Projects* – R5 000,00 en R1 144,00 aan die *Copperdrive*-projek van *St. Bernard's Hospice*. Die *Flip Flop Day* ten bate van *Reach for a dream* het R4 900,00 ontvang*. Slipper Day* en *Tekkie Tax Day* is ook vanjaar ondersteun.

## 2.3 Klerebank

Daar word slegs tweedehandse klere by die klerebank verkoop. Die klerebank is elke dag tydens tweede pouse oop. Mevv. R. Tankard, S. Kriel, A. Brettell, H. Ferreira-Tsude asook mej. C. van den Berg was vanjaar vir die klerebank verantwoordelik.

Baie dankie aan almal wat klere en donasies geskenk het. Dit vul ‘n groot leemte vir behoeftige kinders en word opreg waardeer.

### 2.4 Kospakkieprojek en ander

Die kospakkieprojek behels ŉ kospakkie wat daagliks tydens die pouses aan sommige van die leerders voorsien word. Aangesien dit hoërskoolleerders is, is daar gepoog om dit taktvol uit te voer.

Waar moontlik is kospakkies aan die meeste van die leerders wat die behoefte het, voorsien. Die *Secret sandwich*-projek van die Dinamika-leerders, wat daagliks broodjies aan die leerders voorsien, is weer hervat nadat die inperkingstyd opgehef is. Die leerders het ook aan die begin van die jaar die geleentheid gekry om van die kafeteria gebruik te maak en het op ŉ gekontroleerde wyse eetgoed ontvang. Dit is deur finansiële skenkings aan die Hulpfonds moontlik gemaak.

Toiletware is vir verskeie leerders gegee. Baie dankie aan die organisasie, Solidariteit Helpende Hand, vir hul gereelde skenkings asook die Spar in Gonubie vir hul skenking van koopbewyse. Toiletware en nie-bederfbare produkte is aangekoop.

Baie dankie aan bogenoemde persone, instansies asook personeellede vir hul volgehoue bydrae en positiewe ondersteuning.

### 2.5 Matriekafskeid

Op 29 September 2022 is die matrieks van 2022 by die Oos-Londen Gholfklub in ‘n eg *Griekse styl* onthaal. Die matrieks is met ŉ unieke fotohoekie, waar hulle grappige foto’s kon neem, verras. Die dekor was stylvol, gepas en die aand prentjiemooi; so ook elke matrikulant.

Gerhard Clark en Ilitha Nqoko wat volgens die tema aangetrek het, het as die seremoniemeesters opgetree en die gehoor kompleet met Griekse sêgoed vermaak. Ds. L. van der Walt het die skriflesing en tafelgebed waargeneem.

Dankie aan al die ouers, graad 11-registeronderwysers o.l.v. mnr. J. Coetzer asook die graad 11-leerders vir hulle harde werk om fondse in te samel en die aand in ŉ betowerende geleentheid te omskep. Mev. L. Wittstock, in die besonder, word ook vir haar betrokkenheid in vele van die reëlings bedank.

### 2.6 Mnr. en Mej. Grens

Die tema van hierdie glansgeleentheid was *Gatsby*. Vanjaar se Mnr. en Mej. Grens het slegs uit die skool se matrikulante bestaan. Die aand was vol opwinding en die bekwame seremoniemeesters nl. Mbalentle Xongo en Sonja Adlam, het hulle uitstekend

van hul taak gekwyt. Rachael Crafford in gr.12 het met puik choreografie die gehoor met die openingsdans verras.

Die deelnemers is deur die hoofborge, wat ook die beoordelaars van hierdie glansaand is, nl. *Headz*, *Bombshell Beauty*, Ernald Buss, *JP Photography* en Nerina le Roux bederf.

Baie geluk aan al die volgende wenners:

| | |
|---|---|
| Mej. Fotogenies | Mariesa Kotze |
| | |
| Mnr. Persoonlikheid | Lathitha Fiti |
| Mej. Persoonlikheid | Ashleigh de Lange |
| | |
| Mnr. Grens | Schalk Smit |
| Tweede | Kyle Nel |
| Derde | Justin Swart |
| | |
| Mej. Grens | Mariesa Kotze |
| Eerste prinses | Hannah Watson |
| Tweede prinses | Ashleigh de Lange |

Die seremoniemeesters het vanjaar die kroning behartig.

Ons bedank graag die volgende verhoog-, klank- en beligtingspanne vir hul onbaatsugtige hulp:

Adolf Rademeyer, Troy du Plooy, Simeon van Eeden, Erich Swanepoel, Gerhard Clark, Afika Tona, Hope Zealand, Zené Rochér en Michelle van Niekerk.

Ons wil graag erkenning aan ons borge gee:

1. JP Veaudry, die eienaar van *Jean Paul Photography*, is die borg van die pragtige foto's wat tydens die geleentheid in die voorportaal uitgestal is en R2000 se fotosessie aan mej. Fotogenies borg.
2. Patsy Collins van *Headz* wat vir die meisies se haarstyle verantwoordelik was asook haarsorg borg aan 'n seun en meisie finalis vir een jaar.
3. Mev. Nerina le Roux vir die borg van modelkursusse.
4. *Harry's Printers* vir die borg van die fotoblad.
5. Lizette Wittstock van *Sassy Lassy* en Ronell Jooste van *Dress for Style* wat die senior meisies asook mevv. C. van der Walt en S. Hollander se formele rokke geborg het.
6. *Best Man Suit Hire* vir die borg van die seuns se pakke vir die formele afdeling.

### 2.7 Geesweek

Niks kon vanjaar die Hoërskool Grens-familie se gees blus nie. Kreatiwiteit moes aan die dag gelê word en ons leerders het allermins teleurgestel. Vir die eerste geesbou-

aktiwiteit moes die leerders ‘n kreatiewe hoed of das dra. Die volgende dag moes hul aantrek asof hul strand toe gaan. Op dag drie moes hulle hul boeke in enige iets behalwe ‘n skooltas bring. Kruiwaens, wasgoedmandjies, braairoosters en selfs ‘n visnet was o.a. van die oulike idees waarmee sommiges vorendag gekom het. Dag vier het vir interessante uitrustings gesorg toe die matrieks volgens hul voornemede beroepe kon aantrek. Daarna is die geesweek met hope energie en uit-die-maag-lag-pret afgesluit toe die leerders in graadverband aan boeresport-aktiwiteite deelgeneem het.

### 2.8 Presteerdersdinee

Hierdie spoggeleentheid kon vanjaar na drie jaar weer aangebied word. Die doel van die funksie is om aan die presteerders van die skool vir hul deelname, toewyding en lojaliteit dankie te sê. Die tema van vanjaar se dinee was Italië en die leerders het tipiese Italiaanse geregte geniet*. Arrivederci!*

### 2.9 Pretloop en boeresport

Die jaarlikse fondsinsameling vir die Hulpfonds word met die Pretloop afgesluit. Die organiseerders het hierdie jaar 'n nuwe plan beraam om die leerders betrokke te kry en het 'n skattejag asook verskeie boeresportspeletjies gehou.

Elke leerder is aangemoedig om borge en donasies te kry. Die geld word op ‘n gekontroleerde wyse en volgens die bepaalde vereistes vir die leerders van die Hoërskool Grens aangewend.

Die boeresport is gehou om tot hierdie genotvolle geleentheid by te dra. Leerders van verskillende grade het teen mekaar in verskeie aktiwiteite o.l.v. mnr. G. Kapp en mev. C van der Walt meegeding. Die graad 11R-klas, onder aansporing van mev. R. Tankard, was hierdie jaar se wenners met die insameling van donasies vir die pretloop.

Na afloop van die boeresport was daar 'n kleurvolle afsluiting waar die leerders mekaar met verskillende kleure poeierverf kon gooi en smeer.

## 3 AKADEMIESE AKTIWITEITE

### 3.1 Akademiese Prestasies 2021

Die Hoërskool Grens het gedurende die jaar 2021 op akademiese gebied goed presteer. In die Senior Sertifikaateksamen het ag leerders ’n A-gemiddelde simbool behaal. Ons hartlike gelukwense aan al die matrieks asook aan hul ouers.

Die leerders wat A-gemiddelde simbole behaal het, is soos volg:

| | |
|---|---|
| Martin Louw | 93,7% |
| Deandré Jacobs | 91,9% |
| Marius Fourie | 87,7% |
| Daniel Janse van Rensburg | 84,6% |

| | |
|---|---|
| Liesl Dreyer | 83,7% |
| Jana Fourie | 82,9% |
| Rebecca van Eeden | 82,0% |
| Hermi Spangenberg | 81,7% |

Martin Louw verwerf ag onderskeidings.

### 3.2 Akademiese eretoekennings

Hannah Watson ontvang ‘n eretoekenning vir Akademie in graad 12 in 2022.

Sonja Adlam en Hannah Watson ontvang elk ‘n eretoekenning vir Akademie in graad 11 in 2021.

Zoë Griessel en Dean Sumner ontvang elk ‘n eretoekenning vir Akademie in graad 10 in 2021.

Anja Gerstner ontvang ‘n eretoekenning vir Akademie in graad 9 in 2021.

### 3.3 Olimpiades

#### 3.3.1 Afrikaans Olimpiade

Die volgende graad 10-leerders het die Afrikaans Olimpiade suksesvol voltooi: Mia Dijksterhuis, Liana Gaybba, Anja Gerstner, Mariné Greeff, Jessica Oosthuizen, Cloe Rowland en Karmi Skein. Angelique Roodt het deelgeneem, maar kon dit weens omstandighede nie voltooi nie.

Die graad 11-leerders is soos volg: Bridget Brettell, Christi Marais, Mia Labuschagne, Joselyn-Lee Levey, Ilitha Nqoko, Werner Opperman, Yzla Schenk, Darnelle Steynberg, Dean Sumner, Simeon van Eeden, Stephan van Rooyen en Chanli Wittstock.
Die graad 12-leerders wat die Afrikaans Olimpiade suksesvol voltooi het, is:
Sanda Abraham, Sonja Adlam, Rayjene Bosman, Jason Botha, Cherél Burger, John-Martin Clark, Jenene Cloete, Mia Conradie, Rachael Crafford, Ninette de Kock, Erika Ferreira, Josalyn French, Tiani Heck, Xander Greeff, Edwina Hendricks, Mariesa Kotze, Hano Labuschagne, Louricha Louw, Faith Monyane, Jessie Morris, Adolf Rademeyer, Ruan Rochér, Schalk Smit, Nicolene Swanepoel, Lizelle van Niekerk, Reinhardt van Rensburg, Jaimelee van Zyl, Hannah Watson en Mbalentle Xongo.

Die volgende leerders is onder die Top 20-kandidate in die Oos-Kaap: Sonja Adlam, John-Martin Clark, Mia Conradie en Yzla Schenk.

#### 3.3.2 Wiskunde Olimpiade

Hierdie jaar het ‘n groot groep juniors en seniors aan die *Amesa* Wiskunde Olimpiade deelgeneem.

Die volgende leerders het tot die tweede ronde deurgedring:

**Seniors:**
Gerhard Clark
Dean Sumner
Stephan van Rooyen
John-Martin Clark
Adolf Rademeyer

**Juniors:**
Adrio Fourie
Katie Haasbroek
Clinton Barnes

### 3.4 Toerisme

Die graad 12-leerders het vanjaar ter aansluiting van hul sillabus ‘n avontuurdag by die Nahoon-strand onderneem. Hulle het die plaaslike toerisme onderneming, *Jonginenge*, ondersteun en meer oor plaaslike bewaringsinisiatiewe en die toerismemark van Oos-Londen geleer. Hulle het aan verskeie aktiwiteite o.a. kajak-, branderplank- en sandplankritte deelgeneem en terselfdertyd hegte bande gesmee.

### 3.5 Rekenaars

Die skool beskik oor drie rekenaarlokale waar *Computer Applications Technology* (*CAT*) as ŉ eksamenvak aangebied word. ‘n Derde lokaal waar die gr. 8- en 9-leerders robotika en rekenaarvaardigheid aanleer, is vanjaar ingerig.

Alle leerders het toegang tot hierdie rekenaarlokale. Deur vroegtydig reëlings te tref, is die internet vir skooltake smiddae tot hulle beskikking.

### 3.6 Wiskunde-Kunskompetisie

Hoewel daar nie vanjaar deelnemers van die Hoërskool Grens was nie, is ons Wiskunde Departementshoof, mev. Scheün, gekies om ‘n beoordelaar vir die graad 10-afdeling van hierdie kompetisie te wees.

### 3.7 Wiskunde: Gevorderde Wiskunde-program

Daar is tans vier graad 11-, een graad 10- en twee graad 9-leerders wat die Gevorderde Wiskunde-program volg.

Die vaardighede wat hierdie Wiskunde-program kweek, bied aan die leerders ‘n voorsprong in verdere Wiskunde studies.

Martin Louw behaal 87% in die Gevorderde Wiskunde Program (IEB AP Maths). Die inhoud van dié vak bevat eerste en tweede jaar Universiteit Wiskunde. Dit is 'n besondere prestasie.

# 4 NASIONALE EN PROVINSIALE VERTEENWOORDIGERS

Dit is vir my aangenaam om te meld dat die leerders, net soos in die verlede, ook vanjaar op plaaslike, streeks- en nasionale vlak op kulturele en sportgebied presteer het.

Ons verskaf graag die name van daardie leerders wat presteerders is en dié wat in provinsiale skoolsportsoorte en kultuuraktiwiteite kleure verwerf het.

## 4.1 Nasionale verteenwoordigers en prestasies

| | |
|---|---|
| Amori Matthee | Atletiek |

## 4.2 Provinsiale verteenwoordigers en prestasies

| | |
|---|---|
| Zoë Griessel | Atletiek |
| Lourens Spies | Fietsry |
| Kylelin Willtshire | Hokkie |
| Katie Haasbroek | Netbal |
| Akho Mtakatya | Netbal |
| Sané Matthee | Netbal |
| Karmi Skein | Netbal |
| Teneal Grundlingh | Netbal |
| Hannah Watson | Netbal |
| Amori Matthee | Netbal & Atletiek |
| Ruan Potgieter | Rugby |
| Ruan Rochér | Rugby |
| Schalk Smit | Rugby |
| Adrio Fourie | Tennis |
| Wian Jonker | Voortrekkers |
| Adolf Rademeyer | Voortrekkers |
| Mariesa Kotze | Voortrekkers |

## 4.3 Provinsiale verteenwoordigers: Buiteskool sport

| | |
|---|---|
| Mia Labuschagne | Pluimbal |
| Hano Labuschagne | Pluimbal |
| Gerhard Clark | Pluimbal |
| John-Martin Clark | Pluimbal |
| Leon Müller | Karate |
| Hayley Leach | Karate |
| Charné Smith | Diepseevisvang |

# 5 KULTUURAKTIWITEITE

## 5.1 ATKV-Redenaars en Radikale Redenaars

Die volgende leerders het in April 2022 onderskeidelik aan die ATKV-Redenaars en Radikale Redenaars se kompetisies deelgeneem: Rachael Crafford, Hannah Watson, Llaché Bussack, Gerhard Clark, Christi Marais, Dean Sumner, Stephan van Rooyen, Ilitha Nqoko, Karmi Skein, Anja Gerstner, Jana van Niekerk, Maricha Roets, Gizelle Bartie en Leon Müller.

Jana van Niekerk, Anja Gerstner, Christi Marais, Dean Sumner, Kristen Labuschagne, Hannah Watson, Rachael Crafford, Ilitha Nqoko, Leon Müller en Stephan van Rooyen het vir die Streeksfinaal van die Radikale Redenaarsfees gekwalifiseer. Rachael Crafford ontvang ‘n Tweetaligheidstoekenning.

Die volgende leerders dring deur na die Radikale Redenaars se Nasionale finaal wat op 22 Oktober 2022 te Boksburg aangebied word: Leon Müller, Christi Marais, Stephan van Rooyen en Rachael Crafford.

## 5.2 Die Lourier

Die Lourier is die skool se eie koerant en dit bied lesers ‘n goeie beeld van wat in die skool gebeur. Die Lourier word onder leiding van mev. T. Botha met die hulp van mej. C. Gillespie, saamgestel. Die hoofredaktrise vir 2022 is Tiani Heck.

Die koerant het in 2017 ‘n opgradering ondergaan en vele lesers geniet die digitale weergawe. Akademie, sport en kultuur word gedek.

Die redaksiespan van Die Lourier vir 2022 is: Shanice Bussack, Melissa Esterhuizen, Khanya Makene, Lisa Koorsen, Bianca Bridger, Jana van Niekerk, Tarien Nell, Nikita Wewege, Ilitha Nqoko, Chloe Rowland, Mila Coetzee, San-Mari Quinn, Chané van der Westhuizen, Zing Adonis en Anda Kalawe.

## 5.3 *ELFEST* Eisteddfod

Verskeie drama-leerders het aan die ELFEST Eisteddfod deelgeneem en ontvang die volgende toekennings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Katie Haasbroek | Poësie | A++ | Dubbel Goud |
| Ané de Kock | Poësie | A++ | Dubbel Goud |
| Gizelle Bartie | Poësie | B | Silwer |
| Leon Müller | Poësie | A++ | Dubbel Goud |
| | *Poetry* | A++ | Dubbel Goud |
| | Prosa | A++ | Dubbel Goud |
| | *Sight Reading* | A++ | Dubbel Goud |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Oorredingstoespraak | A++ | Dubbel Goud |
| | Onvoorbereide lees | A++ | Dubbel Goud |
| Jo-Lise Jansen van Rensburg | *Poetry* | A | Goud |
| | Onvoorbereide lees | A | Goud |
| Khanya Makene | *Poetry* | A+++ | Trippel Goud |
| | Monoloog | A++ | Dubbel Goud |
| | Poësie | A | Goud |
| Chandené van Rensburg | Monoloog | A | Goud |
| Nikita van der Vyver | Poësie | B | Silwer |
| Zander van Loggerenberg | Poësie | B | Silwer |
| Dean Sumner | Onvoorbereide lees | A++ | Dubbel Goud |
| | *Poetry* | A+++ | Trippel Goud |
| | Monoloog | A++ | Dubbel Goud |
| | Dialoog | C | Brons |
| Christi Marais | Onvoorbereide lees | A | Goud |
| | *Poetry* | A++ | Dubbel Goud |
| | *Monologues* | A++ | Dubbel Goud |
| | Poësie | A | Goud |
| Gerhard Clark | Dialoog | C | Brons |
| | *Poetry* | A+++ | Trippel Goud |
| Stephan van Rooyen | Poësie | B | Silwer |
| | Monoloog | A+++ | Trippel Goud |
| | Dialoog | B | Silwer |
| | *Poetry* | A+++ | Trippel Goud |
| Hope Zealand | Poësie | B | Silwer |
| Babette Liebenberg | Monoloog | A | Goud |
| Ilitha Nqoko | Monoloog | A++ | Dubbel Goud |
| | Dialoog | B | Silwer |
| | *Poetry* | A+++ | Trippel Goud |

Ilitha Nqoko, Dean Sumner en Christi Marais het elk 95% by die Eisteddfod behaal en medaljes daarvoor by die spesiale konsert vir Eisteddfod-pryswenners ontvang. Gerhard

Clark en Stephan van Rooyen, wat die beste in hul kategorie gevaar het, het elk ‘n trofee ontvang.

### 5.4 Interact

Die Hoërskool Grens Interactklub was vanjaar onder leiding van Jason Botha. Ongelukkig het die *COVID*-19-regulasies verskeie planne en aktiwiteite gekortwiek. Besoeke aan/betrokkenheid by verskeie instansies kon as gevolg van volgehoue besoekregulasies nie plaasvind nie.

Jason Botha en Llaché Bussack het ‘n genotvolle middag by Kusile Comprehensive School tydens hulle inhuldigingsfunksie beleef.

’n Donasie vir lekkernye en ander behoeftes is aan *Without Walls* en die Milner Landgoed se kleuterskool geskenk om tydens hul Kersaankope te gebruik.

Weekliks is kollektes by die verskillende registerklasse opgeneem. Die *Copperdrive*-projek van *St. Bernard’s Hospice* is goed ondersteun. Baie dankie aan Angelique Roodt en Liana Gaybba wat weekliks die geld ingesamel het.

Twintig leerders het tydens die *Come dine with me*-fondsinsameling ten bate van CHOC as kelners opgetree en hul goed van hul taak gekwyt. Hierdie groep leerders is deur die organiseerders vir hul vriendelikheid, bereidwilligheid en hulpvaardigheid geprys.

Die leerders is soos volg: Merlin McLean, Liya Renene, Simeon van Eeden, Stephan van Rooyen, Dean Sumner, Joshua Grobbelaar, Llaché Bussack, Celest van Zyl, Hope Zealand, Katelin Brecht, Kristen Labushagne, Afika Tona, Tiffany Rooi, Liana Gaybba, Angelique Roodt, Jessica Oosthuizen, Michaela Koedooder, Sané Matthee, Mariné Greeff en Shanice Bussack.

### 5.5 Musiek

#### 5.5.1 Port Rex Lions Eisteddfod

Die Hoërskool Grens se marimba-orkes het hierdie jaar ‘n nuutjie aangepak deur virtueel aan die *Port Rex Lions Eisteddfod* deel te neem. Die beoordelaar het slegs positiewe kommentaar gelewer en hulle ontvang ‘n goue sertifikaat. Hierdie groep is ook as die wenners aangewys en hulle video is by die *Showcase Concert,* waar hulle hul trofee en medalje ontvang het, gespeel.

#### 5.5.2 PAT-konsert

As deel van die musiekleerders se PAT-opdrag moes elkeen ‘n voordragstuk opvoer wat met ‘n besigheidsplan gepaard gaan. Hierdie leerders is deur twee eksaminators bepunt en hierdie punte vorm deel van hul jaarpunt. Die leerders het die aand pret

gemaak deur medeleerders te nooi om ook op so ‘n manier met hulle talente in die vorm van drama, gedigte, dans en sang te woeker. Natuurlik is die marimba-orkes ook genader om te verseker dat die gehoor hulle voete ritmies kon beweeg. Die aand was uiters suksesvol met die gehoor wat gesellig rondom klein tafeltjies die konsert geniet het.

### 5.5.3 Marimba-orkes

Die marimba-orkes het tydens die NG Kerk Gonubie-gemeente se jaarlikse basaar opgetree. Ons leerders het vir hope energie, bekende saamsing-melodieë en ritmes gesorg waarop almal kon heupswaai.

## 5.4 Kultuuraand

Die kultuuraand, *Deur die oë van ‘n kind*, het gehandel oor hoe ons leerders die lewe tans ervaar met vele uitdagings wat daagliks hulle pad kruis. Die sentrale temas was hoop, liefde en deursettingsvermoë. Die program het bestaan uit ‘n versameling sang- en dansitems, dialoë en gedramatiseerde prosas wat van intens ernstige tonele tot skreeusnaakse situasies gewissel het. Saam met die fantastiese klank en beligting was die aand ‘n reusesukses.

## 5.5 Gr.10-dans

Die huidige graad 10’s is as seniors ingelyf. Met ‘n *Grease*-tema het die leerders behoorlik uitgehang en kon al ons *T-Birds* en *Pink Ladies* behoorlik die aand met dans, hamburgers en *chips*, spookasem, springmielies en melkskommel geniet.

## 5.6 Noodhulp

Die noodhulpspan was vanjaar minder gereeld by sportgeleenthede teenwoordig. Hulle het op geleenthede beurte gemaak om by sportgeleenthede, wat by die skool plaasgevind het, uit te help. Tog het hulle uit ouder gewoonte goeie diens tydens ons sportfees gelewer. Ons noodhulpspan bestaan uit jong, entoesiastiese leerders met ‘n positiewe instelling aangaande hul diensleweringsvlak.

Baie dankie aan elkeen in die span vir hul onbaatsugtige diens.

## 5.7 Skaak

Die skaakklub het gedurende die jaar 'n paar uitdagende wedstryde teen van die top-spanne in Oos-Londen gespeel. Hulle het egter daarin geslaag om dit met entoesiasme te doen terwyl hul vaardighede in die proses verbeter het. Spesiale melding word van die volgende spelers gemaak: Tallen Venter (kaptein 2021 tot 2022), Jacob Rheeder (onderkaptein 2021), Desré Dunmore en Sashton Botha. Dankie vir jul voortdurende entoesiasme en toewyding aan die skaakklub.

## 5.8 VCSV

Die VCSV het die leuse, “God is in die huis, ons sal jou wys,” aangeneem. Dit is ons droom om vervulling aan hierdie slagspreuk te gee. Ons wil graag ‘n veilige tuiste wees waar elke leerder hul Christenskap kan wys en hulself in geloof en liefde in elke faset van ons bestaan kan uitleef: op die sportveld, in die klaskamer, op die terrein, buite die skool, in ons doen en praat en toneelspel met elke gawe wat God ons gegee het. So wil ons eer aan God bring en Hom en mekaar dien. Die VCSV help ons om te leer om dissipels vir Jesus te wees en om na ander uit te reik asook om hulle in ons geloofsgemeenskap te verwelkom.

Vanjaar is die sesde jaar waarin ons ‘n nuwe struktuur aangeneem het om hierdie droom en missie te kan uitleef. Ons loof en prys saam en wanneer ons in die groepe is, verdiep ons ook ons verhoudings met mekaar. Saam is ons besig om leerders op te bou om met hulle gawes die Here te leer dien.

Vanjaar het ons ons eerste Ouer-en-kind-kamp gehou. By hierdie geleentheid wou ons graag families akkommodeer en vir ouers wys wat ons by die ACSV doen. Ons kyk met dankbaarheid terug op ‘n jaar van vernuwing.

Die volgende leerders het as jeugleiers in die afgelope jaar gedien: Ilitha Nqoko, Siba Nunu, De Wet Nel, Ruan Scheepers, Simeon van Eeden, Heinen Joubert, Suné du Plessis, Yzla Schenk, Christi Marais, Shanice Bussack, Troy du Plooy, Jessie Morris, Anke du Toit, Amori Matthee, Anja Pretorius, Hannah Watson, Sonja Adlam, Afika Tona, Karmi Skein, Mariné Greeff, Mia Dijksterhuis, Melissa Davidson, Liana Gaybba, Sané Matthee, Anja Gerstner, Heinrich Bronkhorst, Jessica Oosthuizen, Kylie du Preez, Nadine Williams, Tiani Heck, Mariesa Kotze, Kristen Shutte, Xander Greeff, Kyle Nel, Rachael Crafford, Ninette de Kock, Lathitha Fiti, Jaco Muller, Stephan van Rooyen, Gerhard Clark, Chanli Wittstock, Keyli van der Vyver, Danté Kruger, Dian du Toit, Chloë Greenan, Nadia Diederiks, Deidré von Willigh, Thimna Barnes, en Enzo Joubert.

## 5.9 Voortrekkers

Drie matrikulante van die Hoërskool Grens het in 2022 die Presidentsverkenner toekenning verwerf.

Wian Jonker, Mariesa Kotze en Adolf Rademeyer het vanaf graad 8 hard gewerk om hierdie gesogte toekenning te bereik. Dit is die hoogste toekenning wat ‘n Voortrekker-jeuglid op skoolvlak kan behaal.

Wian en Mariesa is al sedert graad 4 lede van Die Voortrekkers en Adolf het in graad 8 aangesluit. Om ‘n Verkenner te wees, vereis o.a. ‘n sekere aantal diensjare, die voltooiing van ‘n sekere aantal spesialisasies asook die bywoning van gebiedskampe.

Hierdie prestige toekenning is baie meer as net ‘n sertifikaat. Dit is ‘n getuigskrif van vasbyt, vindingrykheid, toewyding, harde werk, vaardighede, diensbaarheid en kulturele leierskap. Hulle deins nie terug vir uitdagings nie en soek na nuwe horisonne. Hulle inspireer met geloof, hoop en liefde.

Wian, Mariesa en Adolf het in Januarie ‘n uitdagende Keurkamp in bloedige hitte suksesvol voltooi en sodoende vir die Buitegroep-kamp in April gekwalifiseer wat ook suksesvol afgelê is.

Hierdie drie Voortrekkers het ook in April hulle teoretiese Presidentsverkenner-eksamen afgelê en het elk ‘n persentasie van nie minder as 84% behaal. Gedurende Julie het hulle ‘n nasionale webinaar van vier dae by die Addo Olifant Nasionale Park bygewoon om die finale proses af te handel om die toekenning suksesvol te verwerf.

Ons is baie trots op hierdie Verkenners.

### 5.10 Rasieleier-dansgroep

Die Hoërskool Grens se dansgroep het ‘n merkwaardige 2022 ervaar. Die jaar het begin met me. Botha wat oudisies gehou en ‘n groep van 20 dansers gekies het. Aan die einde van die eerste kwartaal moes mej. T. Botha verhuis en mev. D. Muller het die leisels by haar oorgeneem.

Ashleigh de Lange is as kaptein aangestel en Chloë Jackson as onderkaptein. Gesamentlik het hulle die choreografie behartig en die danse vir die meisies aangeleer. Die meisies het by elke tuisbyeenkoms asook by die kultuuraand opgetree.

Graag bedank ons elke deelnemer vir hul harde werk en entoesiasme asook me. Muller vir haar waardevolle bydra en ds. L. van der Walt wat tydens elke optrede in beheer van die klank was.

### 5.11 Tsitsikamma-staptoer

Die Avontuurklub het vanaf 30 September tot 5 Oktober 2022 ‘n staptog in die Tsitsikammawoud onderneem. Altesaam 13 leerders het die staptog o.l.v. mnr. en mev. Koorsen aangepak. Elkeen moes hul eie slaapsak, klere en kos vir die week dra en sommige tasse het amper 20 kg geweeg.

Op die eerste en laaste dag het die avonturiers ongeveer 4 km per dag gestap, maar tydens die ander vier dae was dit tussen 15 en 16 km berg op en af per dag.

Die leerders het die omgewing, met sy bergstrome, poele, fynbos en proteas, baie geniet.

Daar is elke aand heerlik om die kampvuur saam kos gemaak, gelag en gesels.

## 6 SPORTAKTIWITEITE

### 6.1 Atletiek

Die jaarlikse Atletiek-kleurebyeenkoms het op 4 Februarie 2022 by die Hoërskool Beaconhurst se sportterrein plaasgevind. Die Hoërskool Grens is na ons kleurebyeenkoms goed by verskeie atletiekbyeenkomste verteenwoordig.

Agt-en-twintig atlete het op 19 Februarie 2022 aan die *Buffalo City Metro* kampioenskapsbyeenkoms deelgeneem. Dertien van hierdie atlete het na die Oos-Kaap Kampioenskappe in Port Elizabeth deurgedring:

| | |
|---|---|
| Kyle Nel | Verspring |
| Mia Labuschagne | 1500 m |
| Hano Labuschagne | Gewigstoot en spiesgooi |
| Akho Mtakatya | Gewigstoot |
| Ruan Scheepers | 200 m |
| Katie Haasbroek | Gewigstoot |
| Anda Kalawe | Gewigstoot |
| Zoë Griessel | 200 m, 400 m en aflos |
| Reinhardt van Rensburg | 100 m, 200 m en aflos |
| Amori Matthee | Hoogspring en verspring |
| De Wet Nel | 110 m- en 400 m-hekkies |
| Sonja Adlam | Diskus |
| Rachael Crafford | Spiesgooi en gewigstoot |

Die volgende atlete het podium posisies by die Oos-Kaap Kampioenskappe verwerf:

| | | |
|---|---|---|
| Zoë Griessel | 200 m | Silwer |
| | 400 m | Goud |
| | Aflos | Goud |
| Amori Matthee | Verspring | Goud |
| | Hoogspring | Brons |
| Reinhardt van Rensburg | Aflos | Goud |
| Sonja Adlam | Diskus | Silwer |
| Rachael Crafford | Spiesgooi | Brons |
| De Wet Nel | 400 m-hekkies | Brons |

Amori Matthee en Zoë Griessel het die Oos-Kaap span by die SA Skole Atletiek op 16 en 17 Maart 2022 in Germiston verteenwoordig waar Amori ‘n silwermedalje verwerf het. Amori Matthee, Zoë Griessel en De Wet Nel het ook by ASA in Potchefstroom deelgeneem en goed presteer.

Baie dankie aan mev. Vosloo, mnrr. Vosloo en W. de Jager vir hul hulp en toewyding met die afrigting van ons atlete.

### 6.2 Hokkie

Die hokkieseisoen het reeds in Januarie 2022 met oefeninge begin. Gedurende Maart 2022 het die eerstehokkiespan na die ECHC (Elsie Coetzer Hokkie Kliniek) in Bloemfontein getoer. Die leerders het saam met die ECHC-afrigters geoefen en elke dag minstens twee wedstryde gespeel. Die toer was ‘n waardevolle leerervaring wat leerders vir die seisoen voorberei het.

Beide die eerste en tweede span het aan die Hoërskool Grens se Sportfees deelgeneem. Alhoewel die hokkieseisoen langer as dié van die netbal en rugby geduur het, het die meisies uitstekende sportsmanskap getoon. Die hokkiegees is tydens ‘n paar geleenthede hoog gehou.

Die volgende leerders is deel van die eerstehokkiespan: Rayjene Bosman (kaptein), Ninette de Kock (onderkaptein), Hope Zealand, Charné Smith, Dominique Botha, Anja Pretorius, Sanda Abraham, Mariné Greeff, Zaandré van der Berg, Haley Leach, Estée Herbst en Katelin Brecht.

Graag bedank ons die afrigters: mnrr. E. Jones en J. Adams, mevv. M. Esterhuizen, G. Musgrawe en C. Armstrong vir hulle tyd, toewyding en entoesiasme. Baie dankie ook aan elke ouer en borg vir u ondersteuning en bydrae.

### 6.3 Krieket

Na afloop van die grendeltydperk het ons nog nie veel geleentheid gehad om krieket te speel nie, maar met die wedstryde in die begin van die jaar het die uitblinkers, Schalk Smit en Tarquin Jansen, onderskeidelik 150 en 109 lopies aangeteken.

Ons neem vanjaar afskeid van 'n paar matrikulante nl. Tarquin Jansen, Schalk Smit, John-Martin Clark, Wian Jonker, Keagon Kromhout en Rudi du Randt.

### 6.4 Meisiekrieket

Die Hoërskool Grens se meisiekrieketspelers het in die 2021/2022-seisoen uitstekend gevaar. Die afrigters en meisies, vanaf graad 8 tot graad 12, het die jaar vol ywer aangepak.

Dankie aan die afrigters: mnr. L. Koorsen, mnr. A. Engelbrecht en mev. G. Musgrave vir hulle uitstekende afrigting en harde werk. Baie dankie ook aan die ouers vir die ondersteuning.

### 6.5 Muurbal

Welgedaan aan die volgende spelers wat gekies is om in die Oos-Londen Skoleliga te speel:
A-span: John-Martin Clark, Kyle Nel, Jason Botha en Ian le Roux.

B-span: Wian Kruger, Michael Henning, Kristen Labuschagne en Bianca Bridger.

Verskeie juniors het vanjaar gespeel. Ons is opgewonde om te sien hoe hierdie spelers van krag tot krag sal gaan.

## 6.6 Netbal

Die Hoërskool Grens se netbalspanne het hierdie afgelope jaar weer eens uitstekend gevaar.

Ses netbalspelers is gekies om die Oos-Kaap by die SA Kampioenskapsbyeenkoms te verteenwoordig.

Die volgende spelers is as provinsiale verteenwoordigers gekies:

| | |
|---|---|
| o.16-Oos-Kaapspan: | Karmi Skein |
| o.17-Oos-Kaapspan: | Akho Mtakatya |
| | Sané Matthee |
| | Teneal Grundlingh |
| o.18-Oos-Kaapspan: | Amori Matthee |
| | Hannah Watson |

Amori Matthee is tydens die SA Kampioenskapsbyeenkoms as lid van die Top 30-netbalspelers by die toernooi gekies.

Baie geluk aan hierdie spelers wat die Hoërskool Grens se naam hooggehou het.

Hier volg 'n kort opsomming van hoe die spanne gedurende die 2022-seisoen in die ligawedstryde gevaar het:

| | | |
|---|---|---|
| o.19A | 9 wedstryde gespeel<br>9 wedstryde gewen | o.l.v. mej. A. Myburgh |

Die bogenoemde span het aan die Oos-Kaap kampioenskappe, AJ Sportweek en die Hoërskool Grens Sportfees deelgeneem.

| | | |
|---|---|---|
| o.19B | 8 wedstryde gespeel<br>7 wedstryde gewen<br>1 wedstryd verloor | o.l.v. mev. S. Vosloo |

Die o.19B-span het aan die Hoërskool Grens Sportfees deelgeneem.

| | | |
|---|---|---|
| o.19C | 4 wedstryde gespeel<br>1 wedstryd gewen<br>3 wedstryde verloor | o.l.v. mev. S. Hollander |
| o.16A | 9 wedstryde gespeel<br>8 wedstryd gewen<br>1 wedstryde verloor | o.l.v. mevv. C. van der Walt en J. Janse van Rensburg |

Die o.16A-span het aan die Oos-Kaap kampioenskappe en die Hoërskool Grens Sportfees deelgeneem.

| | | |
|---|---|---|
| o.16B | 6 wedstryde gespeel<br>1 wedstryd gewen<br>5 wedstryde verloor | o.l.v. mev. A. Brettell |
| o.16C | 5 wedstryde gespeel<br>1 wedstryd gewen<br>4 wedstryde verloor | o.l.v. mev. A. Brettell |
| o.15A | 8 wedstryde gespeel<br>7 wedstryde gewen<br>1 wedstryd verloor | o.l.v. mevv. C. van der Walt en J. Janse van Rensburg |

Die o.15A-span het aan die Kay Motsepe toernooi en die Hoërskool Grens Sportfees deelgeneem.

| | | |
|---|---|---|
| o.14A | 9 wedstryde gespeel<br>6 wedstryde gewen<br>3 wedstryde verloor | o.l.v. mej. L. van Rooyen en mev. C. Mey |

Die o.14A-span het aan die Hoërskool Grens Sportfees deelgeneem.

| | | |
|---|---|---|
| o.14B | 9 wedstryde gespeel<br>7 wedstryde gewen<br>1 gelyk<br>1 wedstryd verloor | o.l.v. mej. L. van Rooyen en mev. C. Mey |

Baie geluk aan die meisies vir hulle harde werk en toewyding die afgelope seisoen. Die Hoërskool Grens is trots op ons netbalspanne.

Graag wil ons die afrigters en buite-afrigters nl. mevv. C. Mey en J. van Rensburg vir hulle tyd, volgehoue toewyding en entoesiasme bedank. Sonder ons afrigters se harde werk sou 'n suksesvolle seisoen nie moontlik gewees het nie. Baie dankie ook aan elke ouer, die GOK en elke borg vir u ondersteuning en bydrae.

## 6.7 Rugby

Vanjaar se rugbyspelers het vroegtydig en vol geesdrif met hul voorbereiding vir die seisoen na die grendeltydperk begin. Hoogtepunte op ons rugbykalender was ons elfde Sportfees by die Hoërskool Grens asook die Grensstreek skoledag wat saam met die Sportfees gekombineer is. Die eersterugbyspan se deelname aan die Hoërskool Punt se sporttoernooi in Mosselbaai was ook 'n groot sukses met twee van drie wedstryde wat ons gewen het.

Die eerste- en tweederugbyspanne het ‘n besonderse goeie seisoen beleef en het ook baie goed teen die tradisionele *colleges* in die Grensstreek gevaar. Die ander Grensspanne het te midde van verskeie uitdagings steeds baie hard gewerk en altyd net hul beste gelewer. Die eerste span het goeie oorwinnings teen Stirling High School, Hoërskool Hangklip en Cambridge High School gehad.

Die tweederugbyspan het ook ‘n goeie seisoen ervaar en het die meeste van hul wedstryde gewen. Hulle het gelykop teen Dale College gespeel en naelskraap met twee punte teen Hudson Park High School in die laaste minute van die wedstryd verloor. Die o.15-span is as die Hoërskool Grens se beste junior span van die jaar aangewys en die tweede span is as die beste senior span van die jaar aangewys.

Baie geluk aan die volgende seuns wat as provinsiale verteenwoordigers gekies is:

| | | |
|---|---|---|
| Ruan Potgieter | Rugby | o.16 Grant Khomo |
| Ruan Rochér | Rugby | o.18 Grensstreek Akademie-span |
| Schalk Smit | Rugby | o.18 Grensstreek Akademie-span |
| Willem Kloppers | Rugby | o.18 Grensstreek Akademie-span (*Non-Traveling* reserwe) |
| Hano Labuschagne | Rugby | o.18 Grensstreek Akademie-span (*Non-Traveling* reserwe) |

Ons wil graag die afrigters, wat ure op die veld saam met ons seuns deurgebring het, bedank. U toewyding word waardeer. Ons opregte dank aan al die buite-afrigters vir u harde werk. Elke ouer se betrokkenheid en ondersteuning word ook opreg waardeer.

### 6.8 Sewesrugby-Toernooi

Die Sewesrugby-seisoen het geesdriftige spelers opgelewer.

Die o.15- en o.17-spanne het aan verskeie toernooie in Oos-Londen deelgeneem. Die o.15-span het in die plaat finaal teen Beaconhurst High School verloor. Die o.17-span het in die finaal teen die Queens College Boys’ High School verloor.

Die o.17-span het ook na Port Elizabeth getoer en teen die Hoërskool Grey meegeding. Hulle het in die halfeindronde met ekstra tyd 12-7 verloor.
Die o.15- en o.17-spanne het aan die sewesrugbytoernooi by die Hoër Volkskool deelgeneem. Die o.15-span het in die plaat finaal teen die Hoërskool Spandou verloor. Die o.17-span het eerste in hul groep geëindig en het in die halfeindronde teen die Hoërskool Bergsig verloor.

### 6.9 Swem

Enzo Joubert, Willem Kloppers, Mariné Greeff, Amori Matthee, De Wet Nel, Karmi Skein, Soné Matthee en Rossouw Nel het aan die *Buffalo-City Aquatics* Hoërskool-proewe 2022 deelgeneem. Enzo Joubert, Willem Kloppers en Mariné Greeff het aan die Oos-Kaap Provinsiale Skole-gala in Gqeberha deelgeneem en is vir die *Buffalo-City Aquatics*-swemspan gekies.

Enzo Joubert en De Wet Nel verwerf halfkleure in 50 m vryslag.

### 6.10 Tennis

Die jaar het met 'n entoesiastiese, kranige groep spelers afgeskop. Gedurende die eerste kwartaal het die senior dogters in die A-liga deelgeneem en goed gevaar.

Tydens die tweede kwartaal het die senior seuns in die A-liga kragte teen Oos-Londen se topskole gemeet.

Gedurende die derde kwartaal het Grens een gemengde span in die A-liga ingeskryf. Die span eindig in die vyfde posisie. Baie geluk aan John-Martin Clark, Adolf Rademeyer, Adrio Fourie, Sané Matthee en Karmi Skein. Ons Senior Kampioene is John-Martin Clark en Sané Matthee en ons Junior kampioene is Adrio Fourie en Cari Stötter.

Vanaf 17 tot 20 Augustus 2022 het mev. Lord en haar man, mnr. J. Lord, die seuns na Cradock vergesel waar hulle aan die Marilie Moolman tennistoernooi deelgeneem het. Skole van regoor die land is vir hierdie toernooi genooi. Ons behaal die tiende posisie uit die vyftien skole wat deelgeneem het.

Baie geluk aan al die seuns en dogters wat deelgeneem het en vir 'n suksesvolle 2022 gesorg het.

Ons bedank ook graag die buite-afrigter, mnr. G. Grotjohn, vir die wonderlike werk wat verrig is.

### 6.11 Fietsry

Die Hoërskool Grens se fietsryspan is aan die groei. Die fietsryers het die afgelope jaar aan die volgende kompetisies deelgeneem en uitstekende plekke behaal:

| | | |
|---|---|---|
| *Emerald Vale MTB Race* | Lourens Spies | Eerste |
| | Micheal de Lange | Derde |
| | Gert Kruger | |
| | Jayden Schoeman | |
| | Jayden Kemp | |
| | Malan Goosen | |

| | |
|---|---|
| *Spring Crit* wedloopreeks | Lourens Spies<br>Gert Kruger<br>Jayden Schoeman<br>Malan Goosen |

Lourens Spies het ook op 22 en 23 April 2022 Suid-Afrika by die *Continental XCO MTB Champs* in Windhoek, Namibië, verteenwoordig. Hy het in die o.19-UCI manskategorie deelgeneem en 'n algehele negende plek behaal.

Lourens het op 15 Oktober 2022 aan die *Border 1000*-fietswedren deelgeneem en 'n tweede plek behaal.

Baie dankie aan mnrr. G. Spies en E. Hartslief met die ondersteuning en afrigting van die skool se fietsryspan.

## 7 BUITESKOOLSE AKTIWITEITE

Dit is vir my aangenaam om te meld dat die leerders, net soos in die verlede, ook vanjaar op plaaslike, streeks- en nasionale vlak in buiteskoolse aktiwiteite presteer het.

Ons verskaf graag die name van daardie leerders wat nasionale verteenwoordigers en presteerders is en dié wat provinsiale kleure vir hul buiteskoolse sport verwerf het.

Amptelike dokumentasie ter stawing van prestasies is vir die volgende buiteskoolse sportsoorte ontvang.

### 7.1 Diepseevisvang

Charné Smith het aan die *Border Deep Sea Angling Association* se Junior Nasionale kampioenskappe deelgeneem. Sy het saam met die o.19-groep deelgeneem en hulle het die vierde posisie behaal.

Deelnemers moes vir vyf dae aaneen elke oggend om 03:30 opstaan en moes teen 05:00 al op die bote gereed wees. Hulle het dan tot 15:00 visgevang, waarna hulle die vis moes weeg en die bote moes was.

Die president van SADSAA (*South African Deep Sea Angling Association*) het op 27 Maart 2022 Charné se Border-baadjie amptelik aan haar oorhandig.

### 7.2 Fietsry

Lourens Spies het in Januarie 2022 aan die Oos-Kaap Provinsiale Tydwedren kampioenskap en die Oos-Kaap Provinsiale Padfiets Kampioenskappe deelgeneem en onderskeidelik 'n tweede en derde plek behaal. Met sy deelname aan die Oos-Kaap Provinsiale XCO Provinsiale Kampioenskappe in Februarie 2022 het hy 'n eerste plek in die Junior Mansafdeling verower.

In April 2022 het Lourens, as deel van die Suid-Afrikaanse span, aan die *African Continental XCO MTB* Kampioenskappe in Windhoek, Namibië, deelgeneem. Hy het in die Junior o.19 UCI Mans-kategorie deelgeneem. Die lande wat by die toernooi teenwoordig was, is Suid-Afrika, Namibië, Mauritius, Kenia, Marokko, Botswana, Lesotho en Tunisië. Hy het ‘n negende plek behaal.

## 7.3 Karate

Haley Leach het gedurende November 2021 aan die JKA Karate Kampioenskappe in Oos-Londen deelgeneem. Op grond van haar uitstekende prestasies tydens hierdie byeenkoms is sy tot die Oos-Kaapspan verkies. Hierdie span het vanaf 19 tot 22 Mei die Oos-Kaap by die JKA Karate Nasionale Kampioenskappe in Johannesburg verteenwoordig.

## 7.4 Pluimbal

Die o.19 Interprovinsiale Pluimbalkampioenskappe asook die SA Ope Pluimbalkampioenskappe is in Bloemfontein gehou. Hano Labuschagne en Gerhard Clark was in die Border B-span. Mia Labuschagne en John-Martin Clark was in die A-span. Hano en sy dubbelsmaat het in die o.19 Mans Ope Finaal gespeel en 'n silwermedalje verower. Die Border A-span het 'n eerste plek by dié kampioenskappe behaal. Mia Labuschagne het in die semifinale van die enkels, dubbels en gemengde dubbels in die SA Ope Kampioenskap gespeel. Hano is as 'n lid van die SA Nasionale *Emerging Squad* aangewys. Mia en John-Martin is vir die SA o.19-*Squad* gekies. Die SA Nasionale span sal uit die *Squads* gekies word.

Mia is gekies om op 8 tot 15 Oktober 2022 die *Border Melville*-span by die SA Ope en interprovinsiale kampioenskappe in Kaapstad te verteenwoordig.

## 7.5 Tennis

Adrio Fourie is in die Oos-Kaap tennisspan opgeneem en het in Maart 2022 aan die interprovinsiale tennistoernooi in Pretoria deelgeneem.

## 7.6 Visvang

Tyron Kotze en Jandré le Roux het aan die *Border Bass* Visvangkompetisie deelgeneem. Jandré het ‘n tweede posisie en Tyron ‘n derde posisie behaal.

## 6 SLOT

Aprilmaand was beslis ‘n verblydende maand in die geskiedenis van die Hoërskool Grens. Na die opheffing van die nasionale ramptoestand en inperkings kon die skool weer, soos voor die *Covid-19*-pandemie, funksioneer en die meeste aktiwiteite aanpak.

My opregte dank aan die Beheerliggaam, GOK, Bestuurspan, elke personeellid, ouers, voogde, leerders en alle betrokkenes vir u volgehoue optimisme, ondersteuning, toewyding en onvermoeide werk gedurende die jaar.

Ons dank die Hemelse Vader vir al sy seëninge, genade, beskerming en voorspoed wat die Hoërskool Grens in 2022 so ruim ontvang het.


Ons innige simpatie aan gesinne en personeellede wat geliefdes verloor het.

Ek sluit af met die woorde wat so eie aan die Hoërskool Grens is: Ons kyk na die opkomende son van ons Afrikaanse seuns en dogters. Dit gooi sy strale met warmte. As iemand op dié fondament bou, sal elkeen se werk aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys. Kyk na die rots waaruit jy gekap is en die holte van die put waaruit jy gegrawe is en kom … laat ons bou!


...................................
**L. KNICKELBEIN**
**SKOOLHOOF**

# 9 FIGURE


## 9.1 Fig. 1 Bedryfskoste: skool




FIGUUR 2



## 9.2 Fig. 2 Bedryfskoste: koshuis




FIGUUR 2

